

Trio-Sure

Reg. No. G4242 Wet 36/1947

NSO V18/24.4/1439 Wet 13/2003

ENTSTOF VIR BEESTE EN SKAPE

BEWARINGSINSTRUKSIES

Bewaar tussen 2 °C tot 8 °C. Moenie vries nie. Beskerm teen lig. Skud goed voor gebruik.

DOSEERVORM

Entstof

SAMESTELLING

Bacillus anthracis ongekapsuleerde avirulente stam Sterne 34F₂ lewendige spore, *Clostridium botulinum* tipe C1 + C2 en tipe D toksoïede en *Clostridium chauvoei* anakulture.

INDIKASIES

Vir die aktiewe immunisering van beeste en skape teen miltsiekte, lamsiekte en sponssiekte.

WERKINGSMETODE

Die aktiewe komponent stimuleer die immuunrespons teen 3 siektes. Immunitet ontwikkel binne 3 - 4 weke na inokulasie en duur vir ten minste een jaar.

WAARSKUWINGS

- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Gewoonlik is daar geen beduidende reaksie na inenting nie, alhoewel 'n tydelike swelsel mag voorkom op die plek waar die entstof toegedien is, en sommige diere mag 'n matige styging in liggaamstemperatuur vir een of twee dae toon.
- Soos vir alle entstowwe, kan absolute immunitet nie in alle diere gewaarborg word nie. Dit is dus raadsaam om 'n veearts te raadpleeg rakende bykomende beheermaatreëls.
- Hipersensitiwiteitsreaksies mag per geleentheid voorkom. In sulke gevalle moet gepaste behandeling sonder versuim toegepas word.
- Alhoewel hierdie entstof breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg die veearts en verwittig die registrasiehouer.

VOORSORGMAATREËLS

- Gepaardgaande toediening van antibiotika aan ingeënte diere word teenaangedui, aangesien die antibiotikum met die werking van die entstof sal inmeng.
- Antibiotika moet nie vir sewe dae voor en na inenting toegedien word nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangewys.

DOSIS

Beeste: 5 ml onderhuids

Skape: 3 ml onderhuids

- **BEESTE:** Kalwers moet vir die eerste keer teen 4 - 6 maande ouderdom ingeënt word. 'n Skraagdosis inenting met 'n entstof wat *Clostridium botulinum* tipe C1 + C2 en tipe D toksoïede en *Clostridium chauvoei* anakulture bevat behoort 4 - 6 weke ná die aanvanklike inenting toegedien te word. Daarna word 'n enkele jaarlikse skraagdosis met **Trio-Sure** aanbeveel. Vir volwasse diere wat nooit voorheen geënt was nie, ent eers met **Trio-Sure** en versterk 4 - 6 weke later met 'n entstof wat *Clostridium botulinum* tipe C1 + C2 en tipe D toksoïede en *Clostridium chauvoei* anakulture bevat. Daarna word 'n enkele jaarlikse skraagdosis met **Trio-Sure** aanbeveel.
- **SKAPE:** Skape moet vir die eerste keer teen die ouderdom van 3 - 4 maande ingeënt word. 'n Skraagdosis inenting met 'n entstof wat *Clostridium botulinum* tipe C1 + C2 en tipe D toksoïede en *Clostridium chauvoei* anakulture bevat moet 4 - 6 weke na die aanvanklike inenting toegedien word. Daarna word 'n enkele jaarlikse skraagdosis met **Trio-Sure** aanbeveel. Vir volwasse diere wat nooit voorheen geënt was nie, ent eers met **Trio-Sure**. 'n Skraagdosis inenting met 'n entstof wat *Clostridium botulinum* tipe C1 + C2 and tipe D toksoïede en *Clostridium chauvoei* anakulture bevat moet 4 - 6 weke na die aanvanklike inenting toegedien word. Daarna word 'n enkele jaarlikse skraagdosis met **Trio-Sure** aanbeveel, veral voor enige operasie wat waarskynlik 'n wond sal veroorsaak. In die geval van lang vag, moet seker gemaak word dat die naald die vel gepenetreer het voordat die produk ingespuut word.

ALGEMENE AANBEVELINGS

- Skud deeglik voor gebruik.
- Inokuleer met onderhuidse inspuiting.
- Gooi houers wat net gedeeltelik gebruik is weg.
- Gebruik steriele naalde en behoorlik gesteriliseerde apparaat. Ten einde toepaslike higiëne te handhaaf, is dit raadsaam om die naalde so dikwels as moontlik met skoon steriele naalde te vervang.

AANBIEDING

50 ml en 250 ml.

BEWARINGSINSTRUKSIES

Bewaar tussen 2 °C tot 8 °C. Moenie vries nie. Beskerm teen lig.

RSA REGISTRASIENOMMER

G4242 (Wet 36/1947)



Registrasiehouer: Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.

Botswana Listing No.: BV2100462/A/B
Category of Distribution: POM